higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N6

(7080126)

11 Junie 2019 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Wanneer kinders ontdek dat party blokkies swaarder as ander is, ontdek hulle …

A ruimtelike oriëntasie.
B massa.
C oppervlakte.
D meetkunde.

1.2 Wanneer kinders met hul vinger in die sand teken, ontwikkel hulle hul …

A fynmotoriese vaardighede.
B grootmotoriese vaardighede.
C spraak- en taalvaardighede.
D visuele onderskeiding in lees en skryf.

1.3 … is nie ’n oop medium nie.

A Modder
B Sand
C Lego
D ’n Legkaart

1.4 Wanneer kinders in die kern van die leerproses geplaas word waar hulle aktiewe deelnemers is en hulle keuses van leeraktiwiteite gegee word, met die onderwyser wat as die fasiliteerder van leer optree, word ’n ... gevolg.

A onderwysergesentreerde benadering
B kindgesentreerde benadering
C tema-benadering
D kruiskurrikulum-metode

1.5 Die … is Suid-Afrika se nasionale blom.

A koningsprotea
B roos
C opregte geelhout
D lotus

1.6 Bewustheid van die linker- en regterkant van die liggaam word ... genoem.

A lateraliteit.
B balans.
C oorkruising van die middellyn.
D direksionaliteit.

Kopiereg voorbehou

1.7 ’n Strelende lied of musiekstuk …

A is geskik vir die afsluiting van ’n les wanneer dit tyd is vir kinders om ná ’n aktiwiteit af te koel.
B word altyd met instrumentbegeleiding gesing. ⌘
C is geskik as agtergrondmusiek tydens kreatiewe lesse.
D is geskik as agtergrondmusiek tydens skoolgereedheidsaktiwiteite.

1.8 As ’n kind sukkel om mondelinge instruksies, soos “Maak die kas oop, kry die rooi blokkie en hop terug na my”, uit te voer, het hy/sy moontlik ’n probleem met …

A ouditiewe bewustheid.
B ouditiewe onderskeiding. ⌘
C ouditiewe opeenvolging.
D ouditiewe saamsmelting.

1.9 Die drie primêre kleure is …

A rooi, geel en groen.
B rooi, geel en blou.
C rooi, geel en oranje.
D rooi, geel en wit.

1.10 ’n Sekondêre kleur is ’n kleur wat gemaak is deur die vermenging van …

A twee primêre kleure. ⌘
B twee sekondêre kleure.
C twee tussenkleure.
D drie tussenkleure.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies ’n item uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–Q) langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Insamel van inligting oor wat die kind kan doen en sy/haar beperkings	A	fynmotoriese ontwikkeling
2.2	Bied die dagsorgfasiliteerder (“educarer”) ’n goeie leergeleentheid vir besinning en betekenisvolle begrip van die kind	B	springbok
2.3	Kinders begin om te eksperimenteer om twee blokkies met ’n spasie tussenin met ’n derde blok te verbind	C	’n nasionale wapen of landsembleem
2.4	Kinders gebruik simmetrie, patrone, balans en ontwerpe om strukture te skep	D	Zumba en aërobiese oefeninge vir kinders
2.5	Kinders kan geboë strukture met veelvuldige vlakke en oor ander strukture en speelgoed bou	E	skematiese fase ⌘
2.6	Beweging soos hardloop, spring, bal vang en bal gooi	F	voorbeelde van balvaardighede
2.7	Die hoogste visuele simbool van die staat	G	Fase 3: Oorbrugging
2.8	Liggaamsbewegings sonder gang, soos buig, swaai of wikkel ⌘	H	hersiening van wat voorskoolse kinders in die hoofaktiwiteit van die les geleer het
2.9	Vang, gooi, skop, onderarmrol en slaan	I	verslag oor die kind
2.10	Musiek- en bewegingsaktiwiteite vir voorskoolse kinders	J	waarneming
2.11	’n Tyd vir voorskoolse kinders om ná ’n musiekaktiwiteit af te koel	K	voorskematiese fase
2.12	Help kinders om die roetine van die dagsorgprogram te volg	L	lukrake gekrabbel, beheerde gekrabbel en benoeming van krabbels
2.13	Subfases van die krabbelfase	M	Fase 5: Weergewende bouwerk
2.14	Wanneer kinders hul eerste verteenwoordigende simbole vir voorwerpe in hul omgewing maak, is hulle in hierdie ontwikkelingfase met hul kuns ⌘	N	grootmotoriese vaardigheidsontwikkeling
2.15	Die hoofeienskappe van hierdie fase is die herhaling van simbole vir bekende voorwerpe en die gebruik van die basislyn	O	nielokomotoriese bewegings
		P	Fase 6: Ingewikkelde bouwerk
		Q	lukrake gekrabbel en onbeheerde gekrabbel

(15 × 2) **[30]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1 Wetenskap word aangeleer deur blokspel, want kinders leer om voorspellings en vergelykings te maak en eksperimenteer met oorsaak en gevolg, stabiliteit en balans. ⌘

3.2 Die gooi en vang van 'n bal is 'n voorbeeld van fynmotoriese ontwikkeling.

3.3 Kinders ontwikkel selfagting deur fantasiespel wanneer hulle ontdek dat hulle enigiets kan wees deur bloot hul verbeelding te gebruik.

3.4 Sand- en modderspel bied aan voorskoolse kinders geleenthede vir kreatiewe en verbeeldingryke spel, en daarom is toebehore belangrik om kreatiwiteit te ondersteun en/of aan te moedig.

3.5 Drie- tot sesjarige kinders begin hul liggaam se vermoëns verstaan en dit stel hulle in staat om hul spierspanning en asemhaling te beheer, verbeter hul balans en oriëntasie en help hulle om begrip van hul lateraliteit te verkry.

3.6 Ouditiewe bewustheid is wanneer 'n kind verskillende geluide kan identifiseer.

3.7 Ouditiewe onderskeiding is wanneer 'n kind 'n geluid hoor en die bron van die geluid soek wanneer dit stop. ⌘

3.8 *Handdominansie* en *handvoorkeur* is terme wat verwys na 'n kind se deurlopende gebruik van een hand eerder as die ander een vir 'n vaardigheidstaak.

3.9 Onderrighulpmiddels moet in dowwe kleure wees sodat dit nie te skerp vir die oë is nie. ⌘

3.10 Materiale in die kreatiewe area help kinders om hul fynmotoriese vaardighede te ontwikkel.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1	Hoekom moet waarnemingsverslae oor kinders geskryf word?	(5 × 2)	(10)
4.2	Wat moet die dagsorgfasiliteerder doen om waterspel 'n prettige aktiwiteit vir hom/haar en die kinders te maak?	(5 × 2)	(10)
4.3	Blokspel stimuleer leer in alle ontwikkelingsdomeine. Bespreek die waarde van blokspel met spesifieke verwysing na die helekind-benadering.	(5 × 2)	(10)
4.4	Wat moet die dagsorgfasiliteerder doen om driejarige kinders aan te moedig om legkaarte te bou?	(2 × 2)	(4)
4.5	Verduidelik VYF maniere waarop voorskoolse kinders meer bewus van hul natuurlike omgewing gemaak kan word.	(5 × 3)	(15)
4.6	Wat is *vryspel*?		(1)
			[50]

VRAAG 5

5.1	Noem SES wetenskapprojekte vir voorskoolse kinders.		(6)
5.2	Wat moet die dagsorgfasiliteerder tydens 'n uitstappie na 'n voëlpark doen om te verseker dat die uitstappie 'n sukses is?	(5 × 2)	(10)
5.3	Wat moet die dagsorgfasiliteerder in gedagte hou wanneer buitenshuise toerusting en materiaal vir bewegingskringe gekoop word?		(10)
5.4	Bespreek VYF aktiwiteite vir die afsluiting van 'n bewegingskring vir vier- tot vyfjariges.	(5 × 2)	(10)
5.5	Bespreek VYF soorte bewegingsaktiwiteite wat geskik is vir drie- tot vierjariges.	(5 × 2)	(10)
5.6	Bewegingslesse vir voorskoolse kinders moet aktiwiteite vir die ontwikkeling van lokomotoriese vaardighede insluit. Noem VIER lokomotoriese vaardighede wat die dagsorgfasiliteerder vir vyfjarige kinders kan leer.		(4)
			[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Bespreek die versorging en berging van toerusting en apparaat vir bewegings- en musiekaktiwiteite. ⌘ (5 × 2) (10)

6.2 Watter kriteria moet die dagsorgfasiliteerder in ag neem wanneer liedjies vir voorskoolse kinders gekies word? (10)

6.3 Wat kan ouers doen om positiewe musiekervarings vir hul kinders te bied? ⌘ (5 × 2) (10)

6.4 As ouers tyd het, kan hulle by die kleuterskool help.

Bespreek VYF maniere waarop ouers by die kleuterskool se aktiwiteite betrokke kan wees. ⌘ (5 × 2) (10)

6.5 Bespreek die voordele van vrye teken in kinders se ontwikkeling. (5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou